



Agt jaar het verloop sedert die arrestasies en uitgerekte klug-verhoor van hierdie Boere-volks-genote.

Hulle enigste 'misdaad' dat hulle die witman en die volk wou wys waarheen Suid-Afrika oppad is.

Hulle stryd is amper vergete. Die sogenaamde onafhanklike media wat so verbete veg teen perssensuur berig min oor hierdie Boerehelde en indien daar wel berig word berus dit op skewe aanbiedings en verdraaiings.

Hierdie manne het hulle liggame op die blok geplaas en verduur reeds meer as agtjaar van opsluiting in vyandige tronke, vervolg en verneder deur wit pandoere en verklikkers wat hulle eie mense geinfiltreer en verkoop het vir dertig silwerlinge. Baie van ons manne se huwelikke is opgebreek en het hulle kinders groot geword in die skaduwee van die regime se tronke, verarm en met gesinne wat swaarkry. Edel manne wat ten spyte van die felste aanslae, hulle koppe hoog gehou het en nie deur die tirannie van kommuniste en meelopers gebreek kon word nie.

Manne ons salueer julle. En as ons vryheidsdag eens oor ons velde lag, sal ons weet wie te danke is. Ons eer hulle nagedagtenis.

So is daar ook diegene wat reeds borg gekry het maar onderworpe aan allerhande beperkende voorwaardes en met ondersoekbeamptes wat hulle verbeel dat hulle die regters self is.

Een gesin wat ons graag sou wou uitsonder vir hulle geweldige bydrae is die gesin van dr Lets en mevrou Minnie Pretorius met drie seuns. Johan, Kobus en Wilhelm wat saam met hulle pa, aangeklaagdes is. Die drie Pretorius-broers is vegters by uitnemendheid wat ge-durig die verdrukker aanspreek en nou weer gepoog het om as krygsgevangenes ge-klassifiseer te word. Ons glo nie dat hulle hoop op sukses verwag het nie.

Desnieteenstaande is dit die tipe optrede wat deurlopend die aandag op die aard en omvang van ons styd plaas. Hierdie gesin is deur diep waters en verdien ons grenslose respek eerder as die disinformasie uit die knoekamers van ons vyande en die ongegronde geskinder uit eie geledere wat gedurig deur die vuilwerk van ons vyande doen om ons stryd verdag te maak en oppervlakkig voor te stel. Self het baie van diegene met hulle skinder-stories, weinig of niks tot ons stryd by gedra. Nêrens in ons geskiedenis is daar 'n oor-een-stemmende vergelyking van 'n

gesin soos hierdie nie. Ons het gesinne en families gehad soos die De Wet's en Dela Rey's wat groot offers gebring het toe dit oor ons Vryheid gegaan het. By diegene kan ons vandag die Pretorius-gesin voeg.

Dr Lets, mevrou Pretorius en die Pretorius-broers ☐ julle is sierade vir die Boerevolk!

Opgestel deur Piet Rudolph vir die Aksiekomitee Orde Boerevolk

E-pos: piet.rudolph@gmail.com

29 Augustus 2010